DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**25 Junie 2023**

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Filippense 1: 12 - 26, Matteus 6: 19 - 21

**Tema** ***Christus IS my lewe!***

**Sang**

Skrifberyming 1-1: 1, 2
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 119: 39, 59
Skrifberyming 15-2: 1, 3
Skrifberyming 3-4: 1, 4, 5

Paulus praat in boekhouterme van wins en verlies. Hy stel dit dat ons as mense vir iets kosbaar lewe – kom ons noem dit 'n skat. Daardie skat beheer jou hart en jou hart beheer jou gedrag. Ons sien dit in die apostel Paulus se lewe na sy ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus. Die ontmoeting het die vurige Fariseër wat die christene met soveel ywer vervolg het, se lewenskoers totaal verander. Sy lewe is tydens die ontmoeting met nuwe inhoud gevul en hy was 'n nuwe mens. En ons teks se woorde is nie aan die beginjare van Paulus se bediening geskryf nie. Nadat hy duisende kilometers afgelê het onder moeilike omstandighede, vir lang tye in tronke was, dikwels geslaan en gegesel is (ook in Filippi), verneder is, beledig en bespot is, en juis nóú weer in die tronk is, skryf hy hierdie woorde!

Sy swaarkry waaroor hy skryf in 2 Kor. 6 en 11, het hom nie verbitterd gemaak en ontnugter gelaat nie. Elke terugslag op sy bediengspad het hy in die Naam van Jesus Christus en in die krag van die Heilige Gees oorwin! Daarom kan Paulus hier naby die einde van sy lewe hierdie vreugde-brief skryf! En dit onomwonde stel: "…want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins." Christus is en bly die sentrum van sy lewe. Niks anders maak méér saak as die nuwe lewe vir Christus nie.

Waar en hoe pas Christus in jou lewe in? Is jou begeerte dat Christus jou sal nuut maak, en dat jy as nuwe mens jou ambisie en ideale sal uitleef? Is Hy jou hele lewe? Lewe jy vir hom op die skoolbank, agter jou lessenaar, op kantoor en tussen jou vriende? Dink weer oor die sin van die dinge wat jou lewe vul en wat jou besig hou. Oor wie gaan dit eintlik? Christus is nie ons helper nie, sodat ons óns ideale en behoeftes bevredig nie…Hy is ons lewe! Christus werk nie saam met ons nie…Hy werk déúr ons!" Daarom is ons Christus vir die wêreld. Christus het ons hande op die aarde, om mee aan te raak en te vertroos en te genees. Ons is Sy voete om met bereidwilligheid mense op die pad van die waarheid te lei. Ons is Sy arms om die verstrooides en die verdwaaldes nader aan Hom te trek en hulle te omhels. Ons is met die Woord in ons harte Sy tong om aan 'n lydende mensdom die boodskap van redding en vrede in Christus te proklameer. Christus het gekies om déúr ons te werk om sy liefde, deernis en sorg na die wêreld te bring." Jesus sê: "Soos die Vader My gestuur het…stuur Ek julle…" Hoor ons dit? Wie en wat is jou lewe en jou wins?

# OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Lynn O'Reilly wat swakker word en die week ook 'n aansteeklike virus gehad het.

* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat swak is en steeds herstel na die chemo.

* Ons is dankbaar dat Marius Kruger veilig deur sy prosedure is en bid hom volle herstel toe.

* Ons is dankbaar dat Reinhardt Weideman uit die hospitaal is en bid dat hy ten volle genees is.

* Ons dink in ons gebede aan Japie Hoogenboezem wat tuis is nadat 'n gewas van sy nier verwyder is. Ons is dankbaar dat jy deur die operasie is en bid vir volkome herstel. Seën vir jou en Hanti in hierdie tyd.

* Ons wens vir Stephan en Heleen du Plessis geluk met Nicola se huwelik die 8ste Julie in Bloemfontein. Geniet die fees en bly warm.

* Die Hoërskoolkinders het onder leiding van Stephan en Ester Borman 'n goeie aksie gehad afgelope Woensdag. Baie dankie vir julle werk en Marlene Hoogendyk wat met hulle gesels het.

* Ons bid vir almal wat op die pad gaan wees 'n heerlike vakansie toe. Lekker rus.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 25 Junie 2023

**Diensbeurt: Wyk 8** **Katkisasie: Geen**

**Ouderling: Marthinus vd Walt** **Diaken: Koemi vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat **Bybelstudie weer na die skoolvakansie sal hervat.**

Hou die Basuin dop vir datums.






# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (Ma) 26 Jun | Alwina Beyneveldt | 29 | B | 076 841 3570 |
| (Di) 27 Jun | San-Mari Coetsee-Van Wyk<br>Marileen De Witt | 33<br>21 | B<br>B | 083 627 2726<br>081 480 1905 |
| (Wo) 28 Jun | Hilda Hattingh | 64 | B | 072 921 8060 |
| (Sa) 1 Jul | Annamart Coetzee | 63 | B | 083 626 3900 |

# STAP - VIR - BYBELS



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom.**

**1 Korinthiërs 11:26**

## LIDMAAT OPGENEEM

Die volgende lidmaat is opgeneem en word hartlik in die gemeente verwelkom.

***Belydende lidmaat : Heide Kotzé vanaf NG Raslouw, Centurion.***

Ons hoop dat jy welkom sal voel in ons midde.



# DOPPER MODES

## Mooi getooi teen gister se pryse.



**Kom koop mooi en netjiese klere teen bekostigbare pryse.**

## Fondse wat ge-in word op die dag gaan vir die Silwerdoppers.




**Kom ondersteun 'n gemeenskapsprojek op 1 Julie by Destiny Inn op Dalmada (Plot 136) vanaf 09:00.**

**Daar is stalletjies en gesins vermaak deur die dag.**

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf** 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**




Skryf julle name op die lys agter in die portaal.

**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskoolleerder en R40.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

**Kaartjies nou beskikbaar** by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.

**ONTHOU asb die datum!!!**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Geen salf te smeer nie?**

**Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.**

**Matt 13:31b**



**Laat ons altyd op die Here vertrou..**

**God se werk kan nie volgens menslike maatstawwe gemeet word nie. In die piepklein mosterdsaadjie lê die krag van 'n boom opgesluit.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**In 'n handjievol dissipels het die toekoms van die ganse kerk gelê.
God se werk is verstommend. Waar Hy werk kan niks Hom keer nie.**



## Praat saam….

**Moet die dag van klein dingetjies nie verag nie..**

**Moet nooit dink dat jou klein beskeie bydrae nie vrug sal lewer nie. Saai die saad, al is dit 'n klein mosterdsaadjie..**

**Hou aan bid vir jou afgedwaalde kind, buurman, vriendin..**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Dit is immers my innige verwagting en hoop dat ek nie in enige opsig beskaam sal word nie, maar dat Christus met alle vrymoedigheid ook nou, soos altyd, deur my liggaam verheerlik sal word, of dit nou deur my lewe of deur my dood is. 21Want vir my is om te leef Christus, en om te sterf wins;*

*Filippense 1: 20 & 21*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS